Bo: Op die voorgrond is nog 'n klein deeltjie van die eetsaal van *Over-Vaal* sigbaar; op die agtergrond die ontvangkamer met sy Pierneefskilderye, die pragtige ovale spieël met die Transvaalse wapen en die kristalkroonlugter

Onder: 'n Teenligopname van daardie deel van die voorportaal waar trappe na die boonste verdieping lei

het om aan die wense van die Administrateur gehoor te gee nie, ooreenkomstig sy begeertes te werk te gaan.

Mnr. Vivian Sydney Rees-Poole, 'n bekende argitek in Pretoria, wat in sy jong jare in die tekenkantoor van die latere sir Herbert Baker gewerk het, het 'n belangrike rol in verband met die beplanningswerksaamhede gespeel. Hy het die Kaaps-Hollandse boustyl bestudeer, Bakerpryse verower, in 1910 saam met 'n kollega die eerste prys in verband met die herbeplanning van Kerkplein (Pretoria) verower en 'n studiereis na Europa onderneem om sy kennis aangaande die argitektuur te vergroot. In 1935 het hom die onderskeiding te beurt geval om uitgenooi te word om as lid tot die Royal Institute of British Architects toe te tree.

Sy gedagtes en indirek dié van sy leermeester het die uiteindelike vormgewing van die administrateurswoning en sy omgewing sterk beïnvloed. Volgens ons oortuiging het hy, waar dit die vormgewing van *Over-Vaal* betref, duideliker begrippe aangaande die ware aard van die Kaaps-Hollandse styl geopenbaar as wat ons in sommige van die skeppings van sir Herbert Baker aantref.

In Maart 1936 is die tender vir die fonderingswerk van die woning goedgekeur en nadat dit byna voltooi was, is tenders vir die bobou gevra. Twee plaaslike aannemersfirmas het die werksaamhede uitgevoer en daarna het die afrondingswerksaamhede in verband met die inrigting gevolg. Uit die tenderdokumente blyk duidelik dat koste nòg moeite ontsien is. 'n Indrukwekkende gebou het verrys, aanvanklik met 'n grasdak, met 'n grondvloeroppervlakte van ongeveer 4,800 vk. voet, stoepgedeeltes ter grootte van ongeveer 1,200 vk. vt. en met byvoeging van die bygeboue met insluiting van die oop ruimtes moet daar nog ruim 5,000 vk. vt. bygevoeg word. Dan is daar die eerste verdieping met 'n vloeroppervlakte van ruim 6,000 vk. vt.

Die besoeker word getref deur die feit dat, ofskoon *Over-Vaal* as 'n ampswoning bedoel en beplan is, dit ook as 'n gesinswoning aantreklik is. Die ontwerpers het daarin geslaag om dié twee elemente op 'n gelukkige wyse te laat saamsmelt. Ons dink aan die groot ontvangskamer met die aangrensende eetkamer, aan die aantreklike privaatkantoortjies van die diensdoende Administrateur en sy